higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL

NKR VLAK 2

(9020042)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC(V)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Verskaf gespesialiseerde sorg	A	geïntegreerde voedingsprogram
1.1.2	Bekendstelling van gratis gesondsorg vir swanger vroue	B	voorgeboortesorg
1.1.3	Fokus op die toename in voedselsekuriteit	C	bevordering van borsvoeding
1.1.4	Laat die voorsiening van bekostigbare medikasie toe	D	billikheid ('equity')
		E	1994
1.1.5	PGS-benadering ('PHC approach) in Suid-Afrika	F	desentralisering
1.1.6	Verantwoordelike persone is aanspreeklik vir gebrek aan lewering ('delivery')	G	tersiêre hospitale
		H	selektief
1.1.7	Prioriteitsarea van die Voedingspromosieprogram	I	omvattend
		J	plaaslike aanspreeklikheid
1.1.8	Verseker regverdigheid en dat dienste nie van enige persoon ontneem word nie	K	lys van noodsaaklike medikasie
1.1.9	Fokus van reproduktiewe ondersteuningsdienste		
1.1.10	Sentraal na plaaslik		

(10 × 1) (10)

1.2 Gee VIER duidelik omskrewe aspekte van 'n gesondheidsdistrik. (4)

1.3 Gee VYF funksies van 'n gesondheidsdistrik in Suid-Afrika. (5)

1.4 Gee VYF doelstellings van die Suid-Afrikaanse distriksgesondheidstelsel. (5)

1.5 Gee SES elemente van primêre gesondheidsorg. (6)

[30]

NSC

VRAAG 2

2.1 Gee die SES hooffunksies van die wêreldgesondheidsorganisasie. (6)

2.2 Identifiseer die sleutelbeginsel van die distriksgesondheidstelsel waarna elk van die volgende stellings verwys:

2.2.1 Almal is aktief begaan oor sake wat hulle gesondheid beïnvloed.

2.2.2 Alle individue wat in die gesondheidsorgstelsel werksaam is, werk saam om die pasiënt te help.

2.2.3 Pasiënte ontvang uitstekende sorg.

2.2.4 Sorg word op so 'n manier verskaf dat dit doeltreffend oor tyd volgehou kan word.

2.2.5 Verhoed dat dienste binne die gesondheidsorgstelsel gedupliseer word.

2.2.6 Verseker dat gesondheidsdienste nuttig is.

(6 × 2) (12)

2.3 Hoe dink jy sal dit die gemeenskap beïnvloed indien die regering ophou om enige gratis gesondheidsorgdienste aan te bied? (6 × 2) (12)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Besluite wat deur die Nasionale Gesondheidsraad geneem word, kan NRO's ('NGOs') beïnvloed.

3.1.2 Noodsaaklike gesondheidsorg moet vir almal toeganklik wees.

3.1.3 Die eerste toegangspunt ('point of entry') tot die gesondheidsorgstelsel is op tersiêre vlak.

3.1.4 Die bevordering van 'n gesonde leefwyse sluit die bevordering van kitskos in.

3.1.5 Tydens apartheid het almal gelyke toegang tot gesondheidsorg gehad.

3.1.6 Distrikshospitale is op die sekondêre vlak van sorg.

3.1.7 Gemeenskapsgesondheidswerkers bied 'n skakel tussen distriks- en tersiêre hospitale.

3.1.8 Daar kan van almal verwag te word om na 'n hoofsentrum in die middestad te reis vir gesondheidsorg.

Kopiereg voorbehou

3.1.9 Gesondheidsorg moet beter wees vir diegene wat die meeste geld verdien.

3.1.10 Die meeste hospitale is in landelike gebiede geleë.

(10 × 1) (10)

3.2 Gee DRIE maniere waarop behoorlike voeding in die Voedingsbevorderingprogram bevorder word. (3)

3.3 Noem VYF belangrike wetgewende dokumente met betrekking tot die distriksgesondheidstelsel in Suid-Afrika. (5)

3.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Nonkululeko meld met 'n chroniese siekte, naamlik asma, by 'n plaaslike kliniek aan. Sy word ondersoek en 'n verpleegster gee vir haar twee soorte medikasie om daagliks te gebruik. Die verpleegster verduidelik hoe die medikasie gebruik moet word en vra Nonkululeko om dit te demonstreer. Nonkululeko kry raad oor haar lewenstyl, hoe om asma-snellers ('triggers') te vermy, en hoe om na haar gesondheid om te sien. Sy word ook genooi na 'n groepsessie elke Dinsdag waar 'n dokter 'n gesondheidspraatjie lewer vir pasiënte met asma. Nonkululeko word gevra om terug te kom vir 'n opvolgondersoek.

Noem VIER aspekte van omvattende sorg, en gee een voorbeeld van elke aspek van die sorg wat aan Nonkululeko gebied is in die scenario. (4 × 3) (12)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik wat 'n belanghebbende ('stakeholder') is met verwysing na die gesondheidsorgstelsel. (2 × 2) (4)

4.2 Noem AGT belanghebbendes in die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel. (8)

4.3 Teken en benoem 'n diagram om die verskillende vlakke van gesondheidsorg in Suid-Afrika te toon, en dui die verwysingstelsel tussen die vlakke aan. (8)

4.4 Verduidelik hoe nie-regeringsbelanghebbendes 'n bydrae lewer tot die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel. (5 × 2) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Ideaal gesproke moet gesondheidsdienste (eksklusief/gratis) wees.

5.1.2 'Stewardship' is 'n leierskapsverantwoordelikheid op die (hoogste/primêre) vlak.

5.1.3 Die skep van 'n gemeenskap wat waarde heg aan gelykheid staan bekend as sosiale (geregtigheid/determinante).

5.1.4 Die (Gesondheidsoortuigings ('Health Belief') /Gesondheids-opvoedings)-model kan gebruik word om die gebruik van gesondheidsdienste te voorspel.

5.1.5 Gratis gesondheidsorg word gebied aan kinders onder die ouderdom van (ses/twaalf).

5.1.6 'n Omvattende PGS-benadering ('PHC approach') moet 'n geïntegreerde (kansellasie/verwysing)-stelsel vir die kontinuïteit van sorg insluit.

5.1.7 Multidissiplinêre spanne moet (gemeenskapsgebaseerde gesondheidswerkers/die LUR ('MEC')) insluit.

5.1.8 Primêre gesondheid fokus op (openbare/persoonlike) gesondheid.

5.1.9 PGS-dienste ('PHC services') word meestal deur (verpleegsters/dokters) hanteer.

5.1.10 Toegang tot gesondheidsorg is 'n (reg/voorreg).

(10 × 1) (10)

5.2 Gee VYF kenmerke van goeie leierskap in gesondheidsorg. (5)

5.3 Gee VYF punte van die wêreldgesondheidsorganisasie se reaksie op uitdagings in gesondheidsorgstelsels. (5)

5.4 Verduidelik hoe demografiese faktore verband hou met die gesondheidsorg-stelsel. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou